

*die laatste dag*



# *die laaste dag*

'n novelle deur

Elaine Broekman



Audience of One Media, (Pty) Ltd.

Uitgewer: Audience of One Media, (Pty) Ltd.  
E-pos: [publishing@audienceofonemedia.co.za](mailto:publishing@audienceofonemedia.co.za)  
Webwerf: [www.audienceofonemedia.co.za](http://www.audienceofonemedia.co.za)  
Registrasie: 2018 / 579223 / 07

Eerste Druk: 2018  
ISBN: 978-1928434-86-3  
Gedruk deur Groep7 [www.groep7.co.za](http://www.groep7.co.za)

Tweede Druk: 2019  
ISBN: 978-0-6399836-0-8

Kopiereg © 2018 Elaine Broekman

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Vrywaring. Name, karakters, plekke, en voorvalle is denkbeeldig. Hierdie boek en die gebeure in hierdie boek, is 'n werk van fiksie.

© Die Bybel (1933 vertaling) (1953 hersiening) – Met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Omslagontwerp en finale uitleg en produksie: Rachel-Mari Ackermann ([rachelmari@gmail.com](mailto:rachelmari@gmail.com))  
Voorblad: Tafelberg Skildery – Hes Broekman  
Proeflees & Taalversorging: Driekie Grobler ([proeflees.driekie@gmail.com](mailto:proeflees.driekie@gmail.com))

Gedruk en gebind deur Novus Print Solutions



## *Opgedra aan*

Abba Vader. My Asem. Die Lig op my pad.

Opgedra aan my enigste, die liefde van my lewe, Wallie.  
Abba het my gebede verhoor toe Hy jou vir my gegee het.

Opgedra aan my twee poppies, Milla en Kara.  
Lewe die lewe voluit tot die laaste dag aanbreek, want die  
wêreld het julle nodig.

Opgedra aan Pappie Theuns, Mamma Alta en my drie  
pragtige sussies, Rachel-Mari, Estella en René. Hoe op  
aarde sê mens dankie vir soveel liefde, hulp, raad en  
ondersteuning?

Opgedra aan die beste skoonfamilie in die wêreld. Ek is so  
geseënd en dankbaar. Min families is so gelukkig en  
geheg aan mekaar.

Opgedra aan my beste vriendinne, Lily, Mellie, Lu en  
Niti. Sonder julle sou ek myself al lankal verloor het.

Opgedra aan almal wat gefrustreerd is. Daar is 'n plan  
met jou lewe...

## *Bedankings*

Dankie, Abba Vader, vir die inspirasie vir hierdie storie wat my baie diep geraak het tydens die skryf hiervan. Ek het so baie van myself geleer, en my geloof in U het eksponensieel gegroei.

Duisend dankies aan my gesin en familie wat so geduldig met my was gedurende die skryf van hierdie storie.

Dankie aan my vriendinne vir al die gebede en aanmoediging. Dankie dat julle in my geglo het. Sonder julle sou dit net nóg 'n projek op my rekenaar gebly het.

Dankie, Driekie Grobler, vir die lieflike voorwoord en hulp met die proeflees.

Dankie, Ma Hes, vir die pragtige skildery van die foto wat ek geneem het lank voordat die storie gebore is. Ek het toe al geweet dis iets wat Ma moet verf!

Baie dankie, Rachel-Mari, vir die pragtige ontwerp van die omslag. Dis presies wat ek in gedagte gehad het.

Dankie, Wallie, dat jy my steunpilaar is. Dat jy my onvoorwaardelik liefhet en vir my sal veg!

## Voorwoord

Gedurende ons lewensreis kom ons van tyd tot tyd te staan voor besluite en situasies wat ons nie altyd weet hoe om te hanteer nie. Die lewe bestaan immers uit keuses, al is ons nie by magte om te bepaal wat môre of oormôre oor ons pad kom nie.

*‘Die Laaste Dag’* is ’n sensitiewe verhaal wat jou verbeelding sal aangryp. ’n Boek wat jy nie sal kan neersit totdat jy by die einde daarvan uitgekom het nie. ’n Storie wat jou meevoer en beslis nie onaangeraak sal laat nie. Jou met nuwe oë sal laat kyk na die mense om jou en weer opnuut die waarde van lewe sal laat besef.

Dit vertel die ongewone verhaal van ’n alledaagse gesin wat skielik tot stilstand geruk word deur omstandighede buite hul beheer. Die hoofkarakter word in ’n posisie geplaas waar sy verskillende keuses moet maak, wat haar hele familie raak. Die feit dat sy ’n besonder nou band en opregte verhouding met haar Skepper het, vat die leser op ’n asemrowende reis van geloof, vertrouwe, asook ongekende emosies.

Elaine Broekman, skrywer van hierdie debuut-boek, het haar meesterlik van haar taak gekwyt deur ’n sensitiewe onderwerp deernisvol aan te bied. Sy vang die leser se aandag vas vanaf die heel eerste bladsy en behou dit tot aan die einde. Met fyn waarnemingvermoë en ’n aanvoeling tot die geestelike, kry sy dit reg om God se verlossingsboodskap soos ’n fyn draad deur te vleg om sin te maak vir die leser.

Dit is vir my 'n groot voorreg en eer om deel te kon wees van hierdie eerste boek uit die pen van 'n skrywer wat beloop om groot hoogtes met haar skryfwerk te bereik.

Mag Vader se seën hierop rus en Sy boodskap tot volle reg kom in elke hart.

*Driekie Grobler*



## Hoofstuk 1

*Psalm 139:16 ~ “Nog voordat ek mens geword het, het U my al beplan. U het my lewe toe al in u hand gehou. En U het besluit wat met my sou gebeur.”*

05:40

**E**lize se oë is nog dik en haar ooglede te swaar om oop te maak. Dit voel asof iemand vir haar kyk. *Seker een van die kinders*, sug sy innerlik. Sy dwing haar een oog op 'n skrefie oop maar sien niemand in die donker kamer nie. *Ek het my seker verbeel*, dink sy effens verras. Die skootrekenaar lê nog op haar bedkassie na die laatnag se werk. Sy kreun vanuit haar diepste wese en strek haar arms gapend onder die sagte kombers uit. Die selfoon op die bedkassie begin vir 'n tweede keer met rustige harpgesang vibreer. Sy lig haar kop met moeite en probeer op die foon fokus, maar dis moeilik sonder haar bril. *Waar is die verdekselse snooze knoppie?* Met mening druk sy dit dood.

Die tarentale se spotlag dring deur die newels en Elize draai haar rug op die foon. Sy gooi haar arm oor Adriaan se

bors, gee hom 'n drukkie en rus haar kop op sy bo-arm.

“Môre, Lief,” fluister sy.

Hy gooi sy been oor haar. “Ek wil nie opstaan nie...”  
brom hy in haar hare.

Sy glimlag, gee hom nog 'n druk en gooi sy been saam met die kombers van haar af. Snoesig toegewikkel in haar sagte kamerjas strompel sy gly-gly met haar wollerige sokkies gang-af. Sy sit die ketel aan, loop 'n draai en klim weer terug in die bed.

Iets voel steeds vreemd. Sy kan die gevoel nie afskud nie, maar kruip weer snoesig tussen Adriaan se arms in. My *happy place*, dink sy en sug tevrede.

'n Paar minute later sing die foon vir oulaas en die ketel klik terselfdertyd af. Adriaan staan kreunend op, soek vir 'n oomblik na sy pantoffels in die donker. Hy maak elke oggend die koffie terwyl Elize die laaste paar minute onder die warm komberse geniet, voordat sy die dag moet aanpak.

“Nog 'n dag van hierdie wilde gejaag, Here,” fluister sy. “Ek is so moeg vir my werk! Ek wens ek kon eerder alles los en net my boeke skryf... maar ek wil nie ondankbaar of onverantwoordelik wees nie. Ek het 'n goeie werk, terwyl daar so baie mense is wat sukkel sonder 'n inkomste. Ag, maar tog is U so goed vir ons. As dit nie vir U Gees was nie, weet ek darem nie. Beskerm asseblief vir Adriaan, Ella en Lindie. Hou hulle onder U vlerke. Ek is so afhanklik van U. Ek weet nie hoe om 'n goeie ma of vrou te wees sonder U nie. Help my om vandag U stem te hoor en te luister as U

praat. Gee my geduld, asseblief. Vader, ek het dit nodig...”

Daar is dit weer.

Elize raak stil. Haar arms slaan onverwags hoendervleis uit toe die atmosfeer rondom haar verander. *Hier is definitief iets ongewoons in my kamer... ek het my nie verbeel nie, Here.* Sy frons en sit stadig en versigtig regop. Dit voel bekend. Wonderlik bekend.

“Vader?” fluister sy. Die vêraf geklingel van die teelepel in die koppies verdoof tot dit heeltemal onhoorbaar is. Haar liggaam word warm soos sy bewus word van Sy teenwoordigheid wat sagkens, soos ’n donskombers, om haar vou. Diep in haar wese hoor sy Sy stem. Stil, kalm en liefdevol.

“Vandag is jou laaste dag, My geliefde dogter. Die feesmaal is voorberei.”

Stilte.

“Here?” fluister sy verdwaas.

Stilte.

Elize trek haar asem skerp in. Dis 06:05 op ’n reënerige Woensdagoggend.

“My laaste dag?” Haar hart begin woes klop en sy vryf oor haar bo-arms. “Maar die Bybel sê dan U is die enigste Een wat ons laaste uur ken?” fluister sy en staar na die plafon.

Stilte.

*Ek het nog nêrens geles dat U op daardie dag niks sal laat blyk nie.*

“Maar... maar... Here? Dit kan tog nie wees nie? Ek kan

nie nou al gaan nie... ek... wat van Adriaan? Wat van my kinders? My ma en sussies? My pa... ek het hom so lanklaas gesien. Here, het ek U reg gehoor?" vra sy angstig en bly stil om te luister of sy nog iets van haar Vader kan hoor, maar dis stil. Haar oë vul met trane en sy sukkel om te sluk.

*Kan dit regtig wees?*

Elize onthou meteens dat haar oom die dag voor sy dood skielik al sy polisse en sake reggekry het en sy vrou voorberei het op die onvoorsiene. Hy was ook nie siek nie. 'n Motorongeluk het sy lewe geëis, as 'n passasier, in 'n kop-aan-kop botsing met 'n vragmotor.

*Dalk het U met hom ook gepraat daardie oggend, maar hoekom het hy niks gesê nie? Die waarheid is dat Elize net eenvoudig nie weet nie. Miskien wou hy, maar het gedink niemand sou dit glo nie.*

Sy skud haar kop en haal diep asem. *Dit kan nie wees nie.* Tog was die stem so duidelik in haar gees. Sy teenwoordigheid so tasbaar soos warm water.

Elize sit verstar en voel nie eers die warm trane wat oor haar wange rol nie.

*Wat ás vandag regtig my laaste dag is?*

Die vraag hang in die lug en nog 'n vlag hoendervleis tintel oor haar liggaam.

Adriaan kom in die gang afgestap en stop eers by Ella se kamerdeur. Elize hoor die sagte "Môre, Pappa" en die smak van 'n soen toe hy haar koffie vir haar gee. Die proses word weer herhaal in die volgende kamer waar hy Lindie se

rooibostee vir haar gee. Elke dag se roetine. Skielik so spesiaal.

“Maar Here, ek is ’n mamma!” fluister sy weer dringend “... en ek het ’n man wat my liefhet en nodig het. Hoe sal hy ons twee tienerdogters alleen kan grootmaak?”

Adriaan kom in en steek verdwaas vas toe hy haar gesig sien.

“Wat is fout, Liefie?” vra hy agterdogtig. Besorgd kom hy nader en sit die *Chai* tee op die bedkassie neer. Sy drink deesdae nie meer koffie nie.

*Here, wat moet ek sê? Moet ek hom vertel?* Twyfel maak haar stil, maar sy kan haarself skaars inhou. *Hoe bly mens stil oor so iets? Ons deel dan altyd alles met mekaar.*

“Ek... sjoe... toemaar wat. Ek sal jou later vertel.” Sy maak haar keel skoon en slurp ’n klein slukkie van die warm speserytee.

*Here, hy gaan ’n groot probleem hiermee hê.* Sy hoor hom al.

“Is jy seker? Jy lyk asof jy nou net baie slegte nuus gekry het.”

Sy sug en staar na hom. Dan kyk sy na die beker in haar hande. Ella het dit Kersfees vir haar gegee. Die woord “YAY!” is oral oor die beker gedruk. Sy staar nikssiende na die helderkleurige woorde. “*Yay!*” is beslis nie hoe sy nou voel nie. Sy kyk op in Adriaan se helder blou oë.

“Ek het nou net ’n baie vreemde ervaring gehad. Ek’s nie seker of ek jou moet vertel nie, want dalk is ek verkeerd. Dan ontstel ek jou net onnodig.”

“Vertel my!” Hy gaan sit langs haar op die bed.

“Jy gaan dink ek is mal.” Haar stem kraak.

“Ek sal nooit dink jy’s mal nie, Engel.”

“Ek, uh...” Elize gee ’n lang sug en voel skielik simpel.

“Dalk het ek my verbeel, maar ek gaan jou tog vertel. Ek weet nie wat om daarvan te maak nie en kan dit nie net ignoreer nie.”

Hy frons liggies en sy druk deur. *Miskien, as ek dit hardop sê, sal dit verdwyn. Soos wanneer mens wakker word in die middel van ’n droom.*

“Ek het netnou met die Here gepraat, soos altyd... net hallo gesê en ’n bietjie gesels...” begin sy huiwerig.

“Ja?” Sy frons verdiep.

“En ek het skielik net Sy teenwoordigheid ervaar. Swaar, warm en lewendig.”

“Wow! En?”

“En toe sê Hy vir my dat... vandag my laaste dag is.” Sy hou sy gesig angstig dop.

“Laaste dag van wat?” vra hy oorbluf.

“Wel, ek reken seker... my lewe...” fluister sy, trek haar asem in en sit haar hand oor haar mond.

“Wat?” Adriaan se asem ruk van skok en dit lyk amper asof hy hom wil vererg, maar bedwing homself.

“Ag, ek is sommer simpel,” snik sy en is dadelik spyt sy het iets gesê. Hy mik om op te staan maar huiwer, trek haar dan nader en hou haar styf vas.

“Ek hoop regtig jy het verkeerd gehoor. Nee... ek wéét jy het verkeerd gehoor, my liefie!” Sy stem word sagter. “Ek

het mos al lankal gesê ek wil eendag voor jou gaan!” Dié ou liefdesgesprekkie het al menigmale plaasgevind. Die stryery oor wie eerste moet doodgaan. Hulle het besluit hulle sal graag eendag sáám wil sterf, want hulle kan nie sonder mekaar leef nie. Die flou grappie is tipies hoe Adriaan reageer om haar onthalwe, maar Elize weet hy is regtig ontsteld.

Hy raak weer ernstig en trek effens terug.

“Ek dink nie die Here sal so iets sê nie.” Hy byt met sy tande opmekaar.

“Dis wat ek ook gedink het, maar toe onthou ek van my oom wat voor sy dood alles begin regkry het, onthou jy dit?”

Adriaan sit verslae. Elize sien die worsteling in sy gedagtes.

“Ek kan net nie dink dat Hy so iets sal doen nie. Wat van my en Ella en Lindie? Is jy seker dit was die Here, Elize?” sy stem breek.

“Ek is so seker as wat enige mens kan wees wat glo die Here het vir hulle iets gesê! Ek glo ek het Sy stem gehoor. Ek het definitief Sy teenwoordigheid ervaar... en hoendervleis gekry voor Hy met my begin praat het. Ek was met Hom in gesprek... dit was Sy stem... Hoekom sal Hy dit vir my vertel?” Elize voel so verward. Sy weet nie mooi hoe om te reageer nie.

“Het Hy gesê hoe laat? Hoe dit gaan gebeur?” Adriaan se frons raak al dieper.

“Nee, Sy presiese woorde was: ‘Vandag is jou laaste dag, my Geliefde. Die feesmaal is voorberei.’”

Adriaan se wenkbroue lig.

“Sjoe, dit klink nogal soos die Here, maar ek weet darem nie. Ek dink regtig nie Hy sal sommer so iets doen nie. Dalk het Hy een of ander unieke plan wat ons nie nou verstaan nie. Iets wat jy nét sal doen as jy weet dit is jou laaste dag op aarde.”

“Dalk. Ek weet eerlikwaar nie,” sê sy, maar heimlik hoop sy so.

Die foon begin weer vibreer. 06:15. Dis die nood-gevalalarm. Sy gryp die foon bewurig en druk dit na twee probeerslae finaal dood.

“Ag, toggie. Ons gaan laat wees... Ons het nog nie gelees nie!” Soos elke oggend maak sy die e-pos dagstukkie oop, maar haar stem bewe.

“Gaan jy werk toe?” onderbreek Adriaan haar. “As dit regtig jou laaste dag is, kan jy nie werk toe gaan nie! Dit sal ’n verskriklike mors van kosbare tyd wees.”

Elize dink ’n oomblik na en byt-byt aan haar bolip. Sy kyk bekommerd na Adriaan.

*Dis ’n goeie vraag, Here. Wat nou? Wat maak ek met die nuus wat ek gló U vir my vertel het? Dis regtig ’n moeilike een. Wat doen mens op jou laaste dag, Here?*

*Jy lewe nog ’n bietjie.*

“Ek dink ek gaan maar nogtans werk toe, al is dit net vir ’n rukkie. Ek voel mos nie siek nie en ek sal in elk geval die mensies by die werk ’n drukkies wil gee, net vir ingeval...” Elize begin weer tranerig raak. Sy werk al meer as twaalf jaar as ’n rekenmeester by dieselfde maatskappy. Sy is baie



lief vir haar kollegas, wat al vriende geraak het deur die jare, al is die werk soms vervelig.

“Hoofmeisie!” Adriaan terg haar, maar sy oë is hartseer en sy glimlag stram. Dís wat hy haar altyd noem as sy iets doen wat sy glo die regte ding is, wat ander mense nie noodwendig so sien of oor sou omgee nie. Sy was regtig ’n hoofmeisie op skool en dis waar die terгнаampie vandaan kom. Hy spog altyd dat hy, wat nie eers op die leerlingraad was nie, helaas met ’n hoofmeisie weggeloop het.

“Jy ken my mos. Ek kan nie sommer net wegbly nie. Daar is ’n paar goedjies wat ek seker eers moet afhandel, maar hoe doen ek dit sonder dat iemand ongemaklike vrae vra?” Sy haak haar gekoekte hare agter haar oor in en sug. “Ag, toggie. Dis ’n baie vreemde gevoel hierdie. Dit voel nie werklik nie, maar vreemd genoeg, voel dit tog ook... reg.”

Sy bly stil toe sy die trane in haar man se oë sien blink. Hy lyk seergemaak. Haar hart pyn skielik en sy wonder of sy nie dalk net hier, op die bed, gaan sterf nie. Sy probeer die ingehoue emosie afsluk, terwyl sy haar arms om hom gooi. Sy kan voel hy is gespanne. Hy trek terug.

“Hoe kan jy dit sê?” vra hy hees. Sy kop sak vooroor en hy vee met sy een hand se duim en wysvinger oor sy oë.

“Ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie. Dis asof my gees hierdie vreemde vrede het, maar my siel en liggaam is beslis nog nie daar nie,” antwoord sy verskonend.

“As jy vrede het, is dit dalk van die Here af, maar andersins gaan ons teen hierdie ding veg.” Hy klink nie oortuig nie en haar hart word warm oor sy veggees. Hy sal

vir haar lewe veg.

Daar sak 'n stilte om hulle neer. Hy vat haar hand, speel met haar trouing wat los sit vandat sy begin het om gewig te verloor.

*Miskien moet ek maar by die huis bly. By hom bly. Here, Adriaan gaan vir lank nie oukei wees nie. Hy het my nodig.*

“Goed, gaan dan werk toe as jy wil, maar net vir 'n kort rukkie... dan kom jy huis toe. Ek sit my voet neer. Ek sal kyk watter van my kliënte ek kan skuif.” Hy maak sy keel skoon.

“Ella! Lindie! Ek hoop julle is op en aan die gang?” Dis elke oggend se ding. Die kinders hou ook van nog 'n paar minute se lê.

“Ja, Pappa!” Die twee amper identiese stemme antwoord gelyktydig. Elize se hart trek weer saam. *Moet ek nie die kinders uit die skool hou nie? Kan ek hulle nie maar net heeldag styf teen my hart vasdruk nie?* Sy besluit daarteen, want daar is so baie wat sy sal moet doen vanoggend en sy wil hulle nie onnodig bekommerd maak nie. Sy sal hulle ná skool vir 'n melkskommel of iets vat. *As die Here wil*, tref die gedagte haar onwillekeurig.

“Goed dan. Ek sal net vir Kobus laat verstaan ek het iets dringends wat ek moet uitsorteer.” Gelukkig is haar verhouding met haar baas baie goed. Hy weet sy is verantwoordelik en hy vertrou haar een honderd persent.

“Hoe laat is dit nou? Is daar nog tyd om te lees?” vra sy en kyk in sy oë wat vir 'n oomblik rebels voorkom. Elize wonder skielik of hy dalk die hele ding gaan onderdruk en

as haar verbeelding of 'n aanval van die vyand gaan afmaak. Sy kan dit verstaan. Dis nie iets waarmee hulle nog ooit te doen gekry het nie en die Bybel sê dat die vyand kom om te steel, verwoes en te plunder en dat die Here lewe bring.

“Dis al effens laat, nie waar nie?” vra hy.

“So 'n bietjie, maar ek dink vandag, van alle dae, moet ons reg begin.” Sy oorhandig haar foon en hy begin hardop vir hulle lees.

“Psalm 139 vers 16: ‘Nog voordat ek mens geword het, het U my al beplan. U het my lewe toe al in u hand gehou. En U het besluit wat met my sou gebeur...’”

Hy bly stil.

Elize loer na hom en vryf oor haar hart. Sy sit haar hand op sy wang. Hy skud sy kop verslae.

“Ek kan nie nou hierdie lees nie. Dis te...” Hy gooi die kombers af en verdwyn in die *en suite* badkamer. Die deur klap toe en sy wip soos sy skrik.

*Ek het vir U gesê hy gaan nie hiervan hou nie. Vader, gee hom vrede, asseblief? Help hom. Help ons om ons laaste dag saam te geniet. Ek wil nie heeldag morbied wees nie of baklei nie. Praat met hom, soos U altyd maak as ek U vra. U is so getrou!*

Sy klim uit die bed en loer na haar horlosie. Dis al amper halfsewe. Sy haal diep en bewerig asem.

“Kom wat wil, maar my laaste dag gaan 'n goeie een wees,” besluit sy fluisterend. “Ás dit ooit regtig my laaste dag is... ás ek U stem ooit reg gehoor het.” Twyfel wil

deurskemer, maar haar gees het haar Vader se stem herken. Sy weet dit diep in haar hart. Sy sukkel om daarteen te stry.

ωΩω

Die res van die oggendroetine, waartydens die kinders regmaak vir skool en Elize soos in 'n droom stort, aantrek en haar *smoothie* maak, voel vir haar te vinnig. Die horlosiewyser teen die kombuismuur wip te haastig na haar sin van die een kolletjie na die volgende. Die kinders lag en gesels met mekaar oor onbenullighede. Die honde word kos gegee en die kosblikke gepak.

*Moet ek hulle vertel, Here?* Sy smag na antwoorde, maar sy vertrou haar God. In haar diepste wese weet sy dit sal 'n fout wees. Al is sy 'n deel-mens. Al hou sy daarvan om haar drome, idees en ervarings met hulle te deel in die hoop dat hulle iets sal leer, dit saam met hulle die toekoms in sal neem.

*Wie gaan dit nou doen, Here? Adriaan het 'n goeie verhouding met ons dogters, Vader, hy leer hulle van U en van die lewe, maar 'n dogter het 'n mamma nodig. Heilige Gees, kan U asseblief soos 'n ma vir hulle wees? Elize het nog altyd die Heilige Gees as die moederfiguur in die Drie-Eenheid gesien. Die Een wat troos bring. Gelukkig is hulle albei reeds U kinders, Here. Dit maak dit makliker. Dit is tog al wat ek werklik vir my kinders begeer. Om gered te wees. Om hulle weer te sien in die Hemel. Om te weet hulle is veilig in U hande. Maak hulle sensitief vir U stem, Heilige Gees.*

Elize staan vir 'n oomblik stil en kyk na haar twee pragtige blou-oog dogters. Hulle het trekke van haar, maar lyk meer soos Adriaan. Al lyk hulle só eenders dat mense gereeld vra of hulle 'n tweeling is, het elkeen hul eie unieke persoonlikheid, talente en drome.

Soos elke ander oggend gee sy die twee blonde tieners een-een 'n stywe druk en asem die vars reuk van sjampoe en soet tiener-spuitsgoed diep in.

“Ek is so lief vir julle twee. Ek is super trots op julle met julle mooi harte. Julle mans gaan eendag baie gelukkig wees!” Sy draai vinnig om en vee haar trane weg terwyl sy die kombuis verlaat.

Elize lig die tandeborsel na haar mond, sien haar hand bewe. Sy laat sak dit en staar na haar bruin oë in die spieël. Daar is 'n paar groen vlekies in. Met haar ander hand haal sy die skilpaddopbril van haar oë af en probeer raaksien wat Adriaan in haar sien, wanneer hy haar so gereeld vertel hoe sexy sy vir hom is. Sy het nog nooit haarself as mooi bestempel nie. Net so 'n raps bo-gemiddeld as sy moeite doen met grimering en mooi klere. *Net mooi genoeg om nie mense af te sit nie.* Sy glimlag vlietend vir haarself oor daardie gedagte. Saggies raak sy aan die klein lagplooitjies langs haar oë en die effense fronsplooi tussen haar wenkbroue.

*Ek werk te hard en stres te veel oor kleinighede, Here.* Daar is so paar grys hare tussen die bruines wat elke maand getrou weggekleur word. Op skaars een en veertig is sy nog nie reg om die grys vir die wêreld te wys nie.

*Here, sal ek vir oulaas op die skaal klim? U het my so mooi gehelp met my selfbeheersing, om die ekstra klompie kilo's af te skud, die afgelope paar maande... nou voel dit soos 'n mors van tyd en energie om elke ete te beplan en so baie te oefen. Die harde werk wys. Haar lyf is weer die een waaraan sy al die jare gewoond was. Sy het haar doelwitgewig 'n week of wat gelede bereik. Ek voel so goed en gesond... en nou, Here? Was dit alles dan vir niks?*

*Die lewe is maar partykeer 'n gejaag na wind.*

Elize maak klaar in die badkamer en gryp haar handsak. Sy soek vir Adriaan om hom te groet en vind hom in sy kantoor waar hy na die rekenaar sit en staar.

“Ek sien jou netnou weer, my lief,” sê sy. Hy kyk om. Sy kan sien hy worstel nog steeds.

*Hy sal seker vir lank worstel, maar dit gaan tussen hom en U wees, Here. Ek gaan my daaruit hou.*

Hy staan op en omhels haar met sy sterk arms. Vir 'n oomblik staan hulle so, dan soen sy hom inniglik.

“Lief vir jou,” fluister sy in sy oor.

“Nee, ék is lief vir jóú!” Hy glimlag braaf en sy haal weer asem.

*Dit sal 'n goeie dag wees. Kom wat wil.*

*Om verder te lees... koop nou by*  
<https://www.audienceofonemedia.co.za/shop>